basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE

## MAART 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 300**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders in die nasienriglyne gestel word, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie. Geen vreemde-item-strafpunte nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae.
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Nota: kontroleer bewerking moet 'n +, -, x, ÷, of volgens memo.
11. In berekeninge, moet nie punte vir bewerkings toeken nie indien noemer & deler omgeruil is. Dit is ook van toepassing op verhoudings
12. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, moet nie die metode punt toeken nie. Dui deur middel van ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

### 1.1 DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE

**1.1.1 Verduidelik waarom die debiteure-ouderdomsanalise as 'n doeltreffende interne beheermaatreël beskou word. Noem EEN punt.**

Geldige verduideliking ✓✓ deelpunt vir onduidelike / onvolledige antwoord

- Help om stadige of agterstallige debiteure te identifiseer (hou nie by kredietterme nie) sodat aksie geneem kan word.
- Lig debiteure uit met goeie kredietrekords sodat hulle graderings heroorweeg kan word.
- Dit kan die probleem uitwys as debiteure toegelaat word om hulle kredietlimiete te oorskry.
- Dit kan met beplanning/korrektiewe maatreëls soos uitstuur van herinneringe, afskryf van debiteure ens. help.

**2**

**1.1.2 Verduidelik TWEE <u>verskillende</u> probleme wat deur die debiteure-ouderdomsanalise uitgelig word. Verskaf in ELKE geval die naam van 'n debiteur en syfer(s).**

Gee punte vir debiteure & bedrae al is die probleem foutief geïdentifiseer

| **PROBLEEM**<br>✓ ✓ | **DEBITEUR EN SYFER(S)**<br>Debiteur ✓ ✓ Syfer ✓ ✓ |
|---|---|
| Debiteure wat hulle kredietlimiete oorskry | P. Botha (met R700)<br>saldo van 4 200 is meer as die limiet van 3 500 |
| Agterstallige skulde/hou nie by kredietterme nie/stadige betalers | S. Walker (R8 500 agterstallig)<br>O. Klein (R1 100 agterstallig);<br>M. Valley (R950 agterstallig |
| Swak kontrole met toestaan van krediet/ hou vol om aan debiteure te verkoop selfs al oorskry hulle hul limiete | M. Valley (R950)<br>S. Walker (R8 500)<br>O. Klein (R1 100) |

**6**

### 1.2 DEBITEUREVERSOENING

**1.2.1 REGSTELLINGS AAN DIE DEBITEUREKONTROLEREKENING OP 30 NOVEMBER 2017**

| | |
|---|---|
| **Saldo voor foute en weglatings** | **25 700** |
| **(i)** | +2 700 ✓ |
| **(ii)** | +350 ✓ |
| **(iii)** geen deelpunte | – 1 800 ✓✓ |
| **(iv)** | Geen verandering ✓ |
| **(v)** | +1 500 ✓ |
| **Korrekte Debiteurekontrolerekening saldo** een deel korrek | 28 450 ☑ |

**7**

Aanvaar hakies vir negatiewe bedrae: geen teken aangedui - aanvaar positief: aanvaar "0 of – "vir geen verandering"

**1.2.2 DEBITEURELYS OP 30 NOVEMBER 2017**

| | | |
|---|---|---|
| **L Nkosi** | **(5 700** – 1 800 ✓) | 3 900 ✓ |
| **S Muller** | **(11 100** + 350 ✓) | 11 450 ✓ |
| **M Welthagen** | **(- 1 900** + 1 500✓) | (400) ✓ |
| **B Sandleni** | **(15 900** – 1 200 ✓ – 1 200 ✓)<br>2 400 twee punte<br>moet < 15 900 wees | 13 500 ☑ |
| **Korrekte totaal van Debiteurelys** bewerking een deel korrek | | 28 450 ☑ |

**10**

**1.3.1 Bereken die BTW-bedrag wat op 31 Julie 2017 ontvangbaar van of betaalbaar aan SAID is.**

MERK SLEGS EEN LYN (MOENIE LYNE MENG NIE)

27 200 ✓ – 69 300 ✓ + 22 260 ✓ + 2 100 ✓
+ 4 200 ✓✓ – 1 260 ✓✓ – 4 130 ✓✓ = – 18 930 ☑
Een deel korrek

OF
–67 200 twee punte +21 000 twee punte
27 200 – 69 300 + 2 100 + 22 260 – 1 260 + 4 200
– 4 130 = – 18 930

OF +67 200 twee punte –21 000 twee punte
– 27 200 + 69 300 – 2 100 – 22 260 + 1 260 – 4 200
+ 4 130 = 18 930

| **BTW KONTROLE BEREKENING** | |
|---|---|
| **BTW INSET** | **BTW UITSET** |
| 27 200 | *69 300 |
| #22 260 | #1 260 |
| *2 100 | 4 130 |
| 4 200 | |
| **18 930** | |
| **74 690** | **74 690** |

* Verkope minus terugsendings
69 300 – 2 100 = 67 200 twee punte

\# Aankope minus onttrekkings
22 260 – 1 260 = 21 000 twee punte

**11**

**1.3.2 Nomvula het goedere met 'n merkprys van R35 000 by Beta Verskaffers bestel.**

**Die verkoopsdirekteur van Beta Verskaffers, Jim Frow, het aangebied om hierdie goedere vir R15 000 aan Nomvula te verkoop, op voorwaarde dat hulle nie 'n faktuur hoef uit te reik nie.**

**Lewer kommentaar op die aanbod wat Jim gemaak het. Noem TWEE punte.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunt vir onduidelike / onvolledige antwoord

- Belastingontduiking / aankoop van gesteelde goedere is onwettig / oneties
- Die uitreik van dokumente is belangrik vir interne beheerdoeleindes / Dit is onwettig om nie 'n faktuur uit te reik nie
- Onetiese/onwettige aktiwiteit sal die beeld van onderneming skaad.
- Beperkinge op korting moet deur bestuur bepaal word (anders onwettig)

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | Bate ✓ |
| **2.1.2** | Spesifieke identifikasie ✓ |
| **2.1.3** | Periodieke ✓ |

**3**

**2.2.1** **Bereken die waarde van die slotvoorraad op 31 Desember 2017 volgens die EIEU-metode.**

300 x R430 = R129 000 ✓✓
140☑ x R375 ✓ = R52 500 ☑ een deel korrek
(440–300) (350+25) = R181 500 ☑ een deel korrek

**6**

**2.2.2** **Bereken die koste van verkope.**

(840 500 + 58 100) beide vir een punt
189 000✓ + 898 600 ✓– 19 000✓ – 181 500 ☑ = 887 100 ☑
sien 2.2.1 een deel korrek

**OF:** Gebruik eenhede verkoop:

| | | |
|---|---|---|
| 540 | 189 000 | een punt |
| 550 | 217 250 | |
| 900 – 50 = 850 | 345 850 | een punt |
| 500 – 140 = 360 | 135 000 | twee puntes |
| | 887 100 | een metode punt |

**Bereken die bruto wins.**

1 380 000 ✓ – 887 100 ☑ = 492 900 ☑ een deel korrek
sien hierbo

**8**

**2.2.3** **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 31 Desember 2017 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.**

1 068 600 ✓☑ een deel korrek

$$\frac{189\ 000 + 898\ 600 - 19\ 000}{540 + 2\ 250 - 50} \times 440 ✓ = 171\ 600 ☑$$ een deel korrek (moet x met 440)

2 740 ✓☑ een deel korrek

390 (GG) vier punte

**6**

**Wat sal die effek op die bruto wins wees indien die eienaar na hierdie waardasiemetode verander? Verskaf syfers.**

Indien kandidaat dit as 'n toename aandui, kontroleer bostaande bewerking
Ken akkuraatheidspunt toe indien bewerking toename aandui

Die bruto wins sal daal /minder wees ✓ met 9 900 ☑☑ (181 500 – 171 600)
sien 2.2.1 sien 2.2.3

OF 492 900 – 483 000
EIEU GG

**3**

2.3 **Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Leno Meubileerders. Hulle verkoop tafels, stoele en beddens slegs vir kontant. Die eienaar is bekommerd dat die syfers verskaf, swak interne beheer en besluitneming toon.**

**Identifiseer EEN probleem vir elke produk. Haal syfers aan. Gee in ELKE geval raad oor hoe om die probleem op te los.**

| **Produk** | **Probleem** ✓ ✓ ✓<br>**Syfers** ✓ ✓ ✓<br>Vergelykende syfers nie nodig, maar kan die probleem beklemtoon<br>Indien syfers korrek is, ken punte toe selfs as die verduideliking verkeerd is | **Raad**<br>✓ ✓ ✓ |
|---|---|---|
| **Tafels** | Gesteelde tafels: 30 wat tot 'n verlies van inkomste lei van R45 000 | Verbeter fisiese veiligheid.<br>Gereelde voorraadopname.<br>Kontroleer by deure. |
| **Stoele** | Verlore geld<br>Totale verkope: R1 920 000 maar slegs R1 800 000 gedeponeer<br>(R120 000) | Verdeling van pligte (bank).<br>Dokumentasie.<br>Versoek bankkennisgewing van transaksies (sms). |
| **Beddens** | Te veel voorraad op hande 200 terwyl verkope slegs 480 vir die jaar is.<br>200/480 = 5 maande; stadig bewegende goedere<br>slegs 70% van beskikbare voorraad is verkoop d.i. 480/680 | Verminder verkooprys om verkope te verhoog.<br>Meer effektiewe advertering<br>Oorweeg dit om produk te staak<br>Doen aankope van hierdie goedere volgens bestelling. |

**9**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 3

### 3.1 GLAMOUR ROKSKEPPINGS

### 3.1.1 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017

| | |
|---|---|
| Direkte materiaalkoste (918 550 ✓ + 5 250 ✓✓) | 923 800 ☑* |
| Direkte arbeidskoste ( 810 000 drie punte ) (753 300 ✓ + 48 600 ✓ + 8 100 ✓ + 8 100 ☑)<br>**OF**: Los op vir Y y = 753 300 + 48 600 + **(0,01y)**<br>y = 810 000 DAK = 810 000 + 8 100<br>**OF** 753 300+48 600+801 900 = 99% DAK = 101% 801 900 x 101/99 | 818 100 ☑* |
| **Primêre koste** DMK + DAK | 1 741 900 ☑ |
| Fabrieksbokoste (227 240 ✓ + 63 960 ✓✓✓✓)<br>[(87 100 een punt – 7 150 twee punte) x 80% een punt]<br>79 950 drie punte | 291 200 ☑* |
| **Totale vervaardigingskoste** bewerking | 2 033 100 ☑ |
| **Goedere-in-bewerking (1 Maart 2016)** | **76 000** |
| | 2 109 100 |
| Goedere-in-bewerking (28 Februarie 2017) bewerking | (169 100) ☑ |
| **Koste van produksie van klaarprodukte**<br>(1 860 000 + 190 000 – 110 000) | 1 940 000 ✓✓☑* |

-1 vreemde items (maks -2)

*een deel korrek

**21**

### 3.1.2 Bereken die netto wins vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017.

Bruto wins = 1 310 000 (3 punte) 79 950 – aansuiwering FBK (3.1.1) 79 950 X 20%

3 170 000 ✓✓ – 1 860 000 ✓ – 410 000 ✓ – (259 010 ✓ + 15 990 ☑)

of – 259 010 – 15 990
275 000 twee punte

= 625 000 ☑ een deel korrek

**7**

### 3.2 LIGHTING SOLUTIONS

### 3.2.1 Bereken die fabrieksbokoste per eenheid vir die jaar geëindig 31 Desember 2017.

395 000 /50 000 = R7,90 ✓✓

**2**

### 3.2.2 Verduidelik waarom George nie bekommerd sal wees oor die toename van 28,1% in die totale veranderlike koste van R936 600 na R1 200 000 nie.

Enige geldige kommentaar ✓✓ vergelyk met inflasiekoers ✓ syfers nie nodig

Die veranderlike koste per eenheid het met 7,6% toegeneem✓✓
Dit is minder as die inflasiekoers. ✓
Addisionele 8 000 eenhede is geproduseer (19% toename in produksie)
Daar was 'n toename in produksie en daarom is winste groter.

**3**

**3.2.3** **Gee TWEE redes vir die toename in die verkoop- en verspreidingskoste per eenheid.**

TWEE geldige redes ✓ ✓

- Advertensiekoste kon verhoog het
- Toename in brandstofprys
- Kommissie aan verkoopspersoneel het toegeneem
- A.g.v. inflasie

Moenie toename in verkope/verhoging in afleweringskoste aanvaar nie

**2**

**3.2.4** **Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Desember 2017.**

$$\frac{575\ 000\ ✓}{45\ ✓ - 24\ ✓}$$

21 twee punte

= 27 381 eenhede ☑ een deel korrek (aanvaar 27 380,9)

**4**

**Lewer kommentaar op die produksievlak vir 2017. Noem TWEE punte. Haal syfers aan.**

Vergelykende syfers nie nodig, maar kan antwoord verbeter

Verduideliking ✓ ✓ moet GBP met vlak van produksie vergelyk syfers ✓ ✓ sien 3.2.3

- Die onderneming produseer en verkoop 50 000 eenhede. Dit is 8 000 eenhede meer as die produksie die vorige finansiële jaar bereik (42 000 eenhede).
- Die onderneming produseer (50 000 – 27 381) 22 619 eenhede meer as GBP.
- Daar is 'n toename van (22 619 – 19 687) 2 932 eenhede meer as GBP as dit met die vorige finansiële jaar vergelyk word.

**4**

**3.2.5** **Lighting Solutions oorweeg dit om grondstowwe in te voer omdat dit goedkoper en van 'n hoër gehalte is. Noem TWEE aspekte wat hulle moet oorweeg voordat hulle hul besluit finaliseer.**

Enige TWEE relevante aspekte ✓ ✓

- Veranderende wisselkoerse (impak op kosprys/verkoopsprys)
- Addisionele /toename in invoerkoste (vervoerkoste en doeanebelasting)
- Tydsverloop (beskikbaarheid en/of aflewering)
- Ondersteuning van plaaslike verskaffers (impak op plaaslike ekonomie)
- Nie maklik om beskadigde goedere terug te stuur nie.

**2**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 4

**4.1**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1.1** | C | ✓ |
| **4.1.2** | E | ✓ |
| **4.1.3** | D | ✓ |
| **4.1.4** | A | ✓ |
| **4.1.5** | B | ✓ |

**5**

**4.2 ORBIT BPK.**

**4.2.1 (a) GEWONE AANDELEKAPITAAL**

| | | |
|---|---|---|
| **Gemagtig** | | |
| **6 000 000 aandele** | | |
| **Uitgereik** | | |
| 4 200 000 ✓ | Gewone aandele in uitreik aan begin van jaar | 3 150 000 ✓ |
| (60 000) ✓ Ignoreer hakies | Aandele teruggekoop gedurende die jaar teen R0,75✓✓ (GAP) een deel korrek | *(45 000) ☑* Ignoreer hakies |
| 4 140 000 ✓ | Gewone aandele in uitreik aan einde van jaar een deel korrek moet die terugkoop bedrag aftrek | 3 105 000 ☑ |

**8**

*Moet nie: R210 000 of 60 000 x R3,50 aanvaar nie

**(b) BEHOUE INKOMSTE**

| | |
|---|---|
| **Saldo op 1 Julie 2016** | **874 000** |
| Netto wins na inkomstebelasting (408 800 ✓ x $^{72}/_{28}$ ✓) | 1 051 200 ☑* |
| Aandele teruggekoop (60 000 x R2,75 ☑) 3,50 – GAP hierbo<br>OF: 210 000 – syfer in terugkoop in (a) | (165 000) ☑* Ignoreer hakies |
| **Gewone aandele-dividende** een deel korrek | (1 540 800) ☑* Ignoreer hakies |
| Tussentyds (betaal) | 630 000 ✓ |
| Finaal (aanbeveel) (4 140 000 ✓ x 22 sent ✓) | 910 800 ✓ |
| **Saldo op 30 Junie 2017** een deel korrek<br>Terugkoop en GAD moet afgetrek word | 219 400 ☑ |

**11**

*een deel korrek
** moet nie 210 000 of 0 aanvaar nie ;

## 4.2.2 ORBIT BPK
## BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2017.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **NIEBEDRYFSBATES** TB - BB | | 3 822 600 | ☑ |
| **Vaste/Tasbare Bates** balanserende syfer | | 3 442 600 | ☑ |
| **Vaste deposito** | 2 | **380 000** | |
| | | | |
| **BEDRYFSBATES** bewerking | | 1 037 800 | ☑ |
| **Voorraad** | | **478 000** | |
| Handels- en ander ontvangbares (317 000 ✓– 15 850✓✓ + 7 950 ✓✓ een deel korrek | | 309 100 | ☑ |
| Kontant- en kontantekwivalente | | 250 700 | ✓ |
| **TOTALE BATES** sien totale Ekwiteit en Laste | 9 | 4 860 400 | ☑ |
| | | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| | | | |
| **AANDEELHOUERSBELANG** bewerking | | 3 324 400 | ☑ |
| **Gewone aandelekapitaal** sien 4.2.1 | 3 | 3 105 000 | ☑ |
| **Behoue inkomste** sien 4.2.1 | | 219 400 | ☑ |
| | | | |
| **NIEBEDRYFSLASTE** | | 320 000 | |
| **Lening: Helping Bank** (360 000 ✓✓– 40 000✓) een deel korrek<br>302 400 een punt + 57 600 een punt– 40 000 een punt | 4 | 320 000 | ☑ |
| | | | |
| **BEDRYFSLASTE** bewerking | | 1 216 000 | ☑ |
| Ken alle punte indien alles onder H& AB ingesluit is | | | ☑ |
| **Handels- en ander betaalbares** een deel korrek<br>(239 800 ✓ + 6 600 ✓) | | 246 400 | |
| Aandeelhouers vir dividende sien 4.2.1 | | 910 800 | ☑ |
| SAID: Inkomstebelasting (408 800 – 390 000) een deel korrek | | 18 800 | ✓☑ |
| Huidige deel van lening sien lening | | 40 000 | ✓✓ |
| | | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** bewerking | 10 | 4 860 400 | ☑ |

**28**

Misplaaste items merk bedrae maar -1 elke keer (soos Nov.2017)
Vreemde items -1 (Maks -2)
Aanbieding/ foutiewe of onvoltooide besonderhede -1 (maks -2)
SAID mag nie onder bedryfsbate getoon word nie.

**4.2.3** **As 'n aandeelhouer, verduidelik jou bekommernis oor die voorgestelde terugkoop van aandele. Verskaf berekeninge om jou bekommernis te ondersteun.**

Verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

Barry wil dalk sy % aandeelhouding verhoog. (sonder om meer in aandele te belê)
Hy sal die meerderheidsaandeelhouer word wat hom in staat sal stel om besluitnemings te beïnvloed.

% aandeelhouding van Barry na terugkoop van aandele:

1 904 400 ✓/ 3 740 000 ✓✓ x 100 = 50,9%.☑ een deel korrek aanvaar 51%
(4 140 000 – 400 000)

**6**

**4.3 OUDITVERSLAG: DF ONDERNEMINGS BPK.**

**4.3.1**

| | |
|---|---|
| **(a)** | Eksterne ✓ |
| **(b)** | Direkteure ✓ |

**2**

**4.3.2** **(a) Die ouditverslag hieronder dui 'n (gekwalifiseerde /ongekwalifiseerde) mening aan.**

Gekwalifiseerd ✓

**1**

**(b) Verduidelik waarom die aandeelhouers oor hierdie ouditverslag bekommerd moet wees. Noem TWEE punte.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

- Daar vind moontlik bedrog/ wangebruik binne onderneming plaas.
- Daar is blykbaar 'n gebrek aan interne beheer (swak boekstawing)
- Die gekwalifiseerde verslag kan aandeelpryse beïnvloed / reputasie van maatskappy
- Ongemagtigde uitgawes het hulle opbrengs/wins beïnvloed
- Dividende kan ‘n negatiewe beïnvloed word deur die probleem

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **65** |

## VRAAG 5

**5.1**

| NR. | BEWERKINGS | BEDRAG |
|---|---|---|
| (a) | **Toevoeging tot geboue**<br>4 934 450 ✓ – 1 058 520 ✓ – 2 866 990 ✓<br>OF (b) onderstaande(c) onderstaande<br>[3 993 390 + 300 000 – 270 280 – 97 600] – 4 934 450<br>twee punte een punt<br>OF<br>4 934 450 – 300 000 + 97 600 + 270 280 – 3 993 390 **4** | 1 008 940 ☑<br>een deel korrek |
| (b) | **Totale waardevermindering op toerusting**<br>Oud: 1 126 400 ✓ x 20% = 225 280 ☑ een deel korrek<br>Nuut: 300 000 ✓ x 20% x 9/12 ✓ = 45 000 ☑<br>een deel korrek<br>**6** | 270 280 ☑<br>een deel korrek |
| (c) | **Verkope van toerusting teen drawaarde**<br>✓ ✓ ☑ ✓<br>1 126 400 + 300 000 – 270 280 – 1 058 520<br>Sien **(ii)** hierbo<br>**5** | 97 600 ☑<br>een deel korrek |

**15**

**5.2.1**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **Bereken die inkomstebelasting betaal.** Aanvaar omgeruilde tekens<br>(422 500 – 295 750) twee of niks<br>3 390 ✓ + 126 750 ✓✓ – 5 200 ✓ | 124 940 ☑<br>een deel korrek<br>Aanvaar negatief of hakies |

**5**

**5.2.2**

| | |
|---|---|
| **Bereken die dividende betaal.** . Aanvaar omgeruilde tekens<br>50 000 ✓ + 70 000 ✓<br>50 000 + 168 000 – 98 000 | 120 000 ☑<br>een deel korrek<br>Aanvaar negatief of hakies |

**3**

**5.2.3**

| | |
|---|---|
| **Bereken die netto verandering in kontant- en kontantekwivalente.**<br>– 25 000✓✓ – 245 000✓ Tekens is belangrik hier<br>(2 500 – 27 500) | – 270 000 ✓ |

| | |
|---|---|
| 4 punte | (270 000) |
| 1 punt | (245 000) |
| 2 punte | (25 000) |

**4**

**5.3**

| | |
|---|---|
| **KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE**<br>een deel korrek | 562 500 ☑ |
| Opbrengs van aandele uitgereik<br>4 117 500✓ + 152 500✓✓ – 3 000 000✓<br>Of: 25 000 x R6,10 Geen deelpunte Moet nie 700 000 of 500 000 aandele aanvaar nie | 1 270 000 ☑<br>Een deel korrek |
| Fondse gebruik vir terugkoop van aandele 25 000 x R6,30<br>Finale bedrag moet korrek wees om 1 of 2 punte te kry | (157 500)✓✓<br>157 500 sonder hakies ken 1 punt toe |
| Verandering in lening 1 300 000 – 750 000 Finale bedrag moet korrek wees om 1 of 2punte te kry | (550 000)✓✓<br>550 000 sonder hakies ken 1 punt toe |

**10**

**5.4.1** **Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding.**

750 000 ✓ : 4 375 250 ✓ = 0,2 : 1 ☑ een deel korrek (aanvaar 0,17 : 1)

**3**

**5.4.2** **Bereken die verdienste per aandeel (in sent).**

295 750 ✓/ 700 000 ✓ x 100 = 42,3 sent ☑ een deel korrek (aanvaar 42 sent)
Let wel: Kan nie 675 000 aandele (25 000 aandele teruggekoop op laaste dag van finansiële jaar)

**3**

**5.4.3** **Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB).**

moet as 'n % aangetoon word

295 750 ✓ / ½ ✓ (3 135 000 ✓ + 4 375 250 ✓) x 100 = 7,9% ☑ een deel korrek (Aanvaar 7,88%)

7 510 250 twee punte
3 755 125 drie punte

**5**

**5.5** **Verduidelik waarom die direkteure gevoel het dat die 630 sent wat vir die terugkoop van die aandele aangebied is, 'n regverdige prys was. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.**

Vergelyking met markprys ✓ Syfers ✓
Vergelyking met NBW ✓ Syfers ✓

Die prys aangebied het die maatskappy bevoordeel aangesien dit minder is as die markprys van 640 sent (met 10 sent)

Dit is minder as die NBW van 648 sent (met 18 sent)

**4**

**5.6.1** **Die direkteure het die dividenduitbetalingsbeleid vir die huidige finansiële jaar hersien.**

**Bereken die persentasie verdienste wat as dividende vir elke jaar verdeel is om hierdie verandering te toon.**

2016: 20/23 x 100 = 87% ✓✓
2017: 24/42,3 x 100 = 56,7% ☑☑ (verwys 5.4.2)

**4**

**5.6.2** **Gee EEN rede waarom die direkteure hierdie besluit geneem het.**

Enige EEN geldige verduideliking ✓✓ deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

- Hulle het besluit om fondse terug te hou vir verdere ontwikkeling van die onderneming.
- Hulle wou hulle kontantvloeiprobleme verminder./Hulle het voorsien dat die maatskappy se banksaldo oortrokke gaan word.

**2**

**5.6.3** **Verduidelik waarom die aandeelhouers dalk nie met die opbrengs wat hulle verdien het, tevrede sal wees nie. Haal 'n finansiële aanwyser of syfer(s) aan.**

deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

Verduideliking ✓✓ Syfer/finansiële aanwyser ✓ ✓

OOAB is 7,9% (sien 5.4.3) minder as wat sy op alternatiewe belegging sou ontvang. (Vaste deposito bied 8% in 2016 en 9% in 2017 aan)

**3**

**5.7** **Behalwe vir die dividende, identifiseer DRIE goeie besluite. Verduidelik die effek van elke besluit op die maatskappy. Haal syfers aan.**

| **GOEIE BESLUIT ✓ ✓ ✓**<br>**(met syfers ✓ ✓ ✓)** | **EFFEK OP MAATSKAPPY ✓ ✓ ✓**<br>Syfers nie 'n vereiste |
|---|---|
| Vermindering of terugbetaling van 'n groot deel van lening met R550 000<br>Afname in lening van R1300 000 tot R750 000 | Verminder finansiële risiko / verbeter die skuld-ekwiteit-verhouding van 0,4 :1 tot 0,2 : 1 sien 5.4.1<br>OF<br>Die OOTKA het verbeter van 6,4% tot 11,4% nader aan rentekoers van 12% (steeds negatief gerat) |
| Uitreik van nuwe aandele;<br>R1 270 000* | Verminder kontantvloeilas<br>Gebruik om lening te verminder |
| Aankoop van vaste bates;<br>R1 308 930 (1 008 940 + 300 000)<br>sien 5.1.(a) | Lei tot kapitale groei (toekomstige produktiwiteit)<br>Meer bates in die onderneming |

**9**

*Ook:
Spandeer R157 500 om aandele terug te koop (nie so beduidend, maar toon 'n verbetering by sekere finansiële aanwysers).

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **70** |

## VRAAG 6

**6.1.1** **Bereken die winsopslagpersentasie op onderdele gebruik in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Maart 2018.**

22 875✓ / 30 500✓ x 100 = 75%☑ bewerking een deel korrek

**3**

**6.1.2** **Bereken die % afname in die diensfooi-inkomste wat in April 2018 verwag word.**

13 500 ✓/ 150 000✓ x 100 = 9% ☑ bewerking een deel korrek
(150 000 – 136 500) een punt

**3**

**6.1.3** **Bereken die bykomende ruimte (in vierkante meter) wat die onderneming vanaf April 2018 sal huur.**

6 000 / 75 = R80 ✓✓
9 200 / R80 = 115 vk m ✓
Addisionele spasie = 115 – 75 = 40 vierkante meters ☑ een deel korrek

**OF**

3 200 een punt
(9 200 – 6000) = 40 vkm een punt
80 twee punte

**4**

**6.1.4** **Bereken die rentekoers op die vaste deposito.**

5 700 – 2 700
3 000 ✓✓ x 12 ✓ x 100 = 8% ☑ bewerking een deel korrek
450 000 ✓

**5**

**6.2** **Lewer kommentaar op die beheer van voorraad en verduidelik hoe Vusi beoog om dit reg te stel. Haal syfers aan.**

Enige item ✓ ✓ Syfers ✓ ✓ Vergelykende syfers nie noodsaaklik

Handelsvoorraadtekort was hoog teen R14 000 en het verminder tot R2 000.

Toename in veiligheidsuitgawes met R4 200/van R5 000 tot R9 200/met 84%

**4**

**6.3.1 Vusi dink daaraan om die sakeperseel te koop eerder as om dit te huur. Noem EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie opsie.**

**Voordeel** ✓✓ deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

- Hoef nie huur in toekoms te betaal nie.
- Onderneming sal 'n vaste bate bekom. Dit verhoog die waarde van die onderneming.
- Ekstra spasie kan uitverhuur word om ‘n ekstra inkomste te ontvang.

**Nadeel** ✓✓ deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

- Heffings sal op eiendom betaal moet word.
- Addisionele onderhoud sal opduik.
- Groot aanvanklike kontant uitleg of addisionele maandelikse paaiement, insluitende rente.
- Nie maklik om te verhuis nie
- Koste en tyd betrokke in die verkoop van ‘n gebou

**4**

**6.3.2 Vusi bied 'n gratis afleweringsdiens van onderdele aan klante, maar beplan om hierdie diens op 31 Maart 2018 te staak.**

**Noem TWEE punte om hierdie besluit te staaf.**

Enige TWEE relevante punte: ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onduidelike / onvoltooide antwoorde

- Klante kan gedwing word om onderdele te vervang as deel van die diens deur die besigheid aangebied
- Die onderneming sal spaar op die lopende koste van die afleweringsvoertuig
- Die hoofdoel van die onderneming is die herstel van voertuie – die verkoop van onderdele ondersteun dit.
- Die wins met die verkoop van onderdele is heelwat minder as die fooi inkomste verdien op die herstel van voertuie.

**4**

**6.3.3 Bereken die koste van die nuwe voertuig wat hy beplan om op 1 April 2018 aan te koop.**

$\dfrac{9\,000 \checkmark \times 12 \checkmark}{0,15 \checkmark \text{ of } 15\%}$ = R720 000 ☑ een deel korrek

**4**

| 6.4.1 | **Verduidelik of Water en elektrisiteit goed beheer is, of nie.**<br>Kommentaar op beheer ✓✓ Syfers ✓<br>Deelpunte vir onduidelike / onvolledige antwoorde Vergelykende syfers nie noodsaaklik maar kan antwoord versterk<br><br>Hierdie uitgawe is goed beheer. Indien die geprojekteerde bedrag van R4 500 as 'n verhoging aanvaar word, sou dit R5 175 gewees het. Slegs R5 000 is gespandeer (R175 minder as die veranderde geprojekteerde bedrag).<br>OF<br>Die geprojekteerde bedrag (R4 500) het nie die verhoging van 15% in berekening gebring vanaf 1 Februarie 2018 nie wat aanleiding gee tot die aangesuiwerde bedrag van R5 175. | 3 |
|---|---|---|
| 6.4.2 | **Verduidelik of jy met Vusi se besluit saamstem om nie die volle begroting vir Advertensies te gebruik nie.**<br>Kommentaar op besluit ✓✓ Syfers ✓<br>Deelpunte vir onduidelike / onvolledige antwoorde Vergelykende syfers nie noodsaaklik maar kan antwoord versterk<br><br>Die werklike bedrag gespandeer is R2 900 minder as die begrote/ geprojekteerde / Die bedrag spandeer (R1 800) is laer as die geprojekteerde bedrag van (R4 700). Dit was 'n swak besluit en die volle bedrag moes gebruik (in ag genome dat die winsopslag op kosprys ook aangepas is van die begrote 65% tot 80%).<br>Dit het 'n negatiewe invloed op die fooi inkomste (R22 500 minder as die begrote) en verkope van onderdele (R31 500 minder as begroot) | 3 |
| 6.4.3 | **Verduidelik of Verbruiksgoedere goed beheer is, of nie.**<br>Vergelyking fooi inkomste en verbruikbare voorraad ✓✓ Syfers ✓✓<br>Deelpunte vir onduidelike / onvolledige antwoorde Vergelykende syfers nie noodsaaklik maar kan antwoord versterk<br><br>Fooi inkomste was minder as begroot met R22 500 (15%) terwyl diensuitgawes was oorbegroot met R6 450 (21,5%). Die werklike vermindering in die fooi inkomste moet gesien word as 'n proporsionele afname in verbruiksgoedere gebruik. Dit dui op 'n gebrek aan kontrole. | 4 |
| 6.4.4 | **Verduidelik hoe Vusi se besluit oor die winsopslagpersentasie op onderdele die onderneming beïnvloed het.**<br>Vergelyking van winsopslag % en verkope ✓✓ Syfers ✓✓<br>Deelpunte vir onduidelike / onvolledige antwoorde Vergelykende syfers nie noodsaaklik maar kan antwoord versterk<br>• Die verhoging in die winsopslag persentasie (65% tot 80%) het 'n negatiewe impak op die verkope van onderdele.<br>• Verkope was minder as verwag met R31 500 (R128 700 tot R97 200)<br>• Wins op verkope was minder as begroot met R7 500. (R50 700 tot R43 200) | 4 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou